"Die ligte groen tint sê dat dit 'n jong wyn is, mooi helder, soet vanilla-agtige neus, soet vrug. Delikate mondgevoel, droog, met 'n lang nasmaak van sagte hout tanniene."
– 2006 Gehoute Chenin Blanc

(Foto: Karin Theron)

Wynmaker Abrie Beeslaar (links) en assistentwynmaker Jeremy Arries van Kanonkop klink 'n glasie op Arries se sukses as eerste wenner van die Pinotage Assosiasie Wynproekompetisie vir Kelderwerkers.

'n Fynproeër met groot potensiaal

Met dié beskrywing van 'n 2006 Chenin Blanc het Jeremy Arries van Kanonkop sy plek as die eerste wenner van die Pinotage Assosiasie Wynproekompetisie vir Kelderwerkers los geproe. Dié man wat as die kelderwerker met die fynste neus in Suid-Afrika bekroon is, het wyn in sy are en 'n droom om wynmaker te word in sy kop.

Die doel van die kompetisie is om kelderwerkers te identifiseer wat die potensiaal het om wynproeërs te word en volgens die organiseerder van die kompetisie, Charl Theron, was die besondere belangstelling in die kompetisie verblydend en behoort dit wat enkele jare gelede deur Paarl Vintners begin is, in die toekoms verder te groei om die aanvanklike doel daarvan te verwesenlik. 112 Deelnemers uit 11 distrikte het vir die kompetisie ingeskryf.

Volgens Beyers Truter, voorsitter van die Pinotage Assosiasie, het die Assosiasie 'n verantwoordelikheid teenoor die breë wynbedryf. "Sowat 90% van die wynbedryf bestaan uit plaas – en kelderwerkers wat nie die geleentheid gehad het om hulle formeel te kwalifiseer nie. Deur kursusse soos hierdie sal hulle vaardighede leer wat 'n groot verskil aan hulle toekoms kan maak."

"Hy het die vermoë om 'n goeie wynmaker te wees en daarom sal hy op een of ander stadium sy vlerke sprei." Abrie Beeslaar

In die lig van Truter se siening is dit bemoedigend om te weet dat die Assosiasie en sy lede nie net by ydele praatjies bly nie, maar werklik hul kant bring. Arries het voor Truter grootgeword op Kanonkop, baie by hom geleer en beskou Truter as sy mentor.

Arries vertel dat hy nog altyd gedroom het daarvan om 'n wynmaker te word. "Ek het al die ander vakke, maar kort nog my matriek wiskunde voordat ek vir wynmaker kan leer." Sy begeerte is om Elsenburg toe te gaan en die diploma in Wynkunde te doen.

Arries is baie dankbaar teenoor Kanonkop, want Abrie Beeslaar, die huidige wynmaker, motiveer hom ook baie. Maar alle lof en eer wil hy aan die Vader bring "vir alles wat ek ontvang het".

Volgens Beeslaar is Kanonkop baie trots op hul wenner. "Dit is vir elkeen lekker om te wen en Kanonkop deel in Jeremy se prestasie." Beeslaar sien 'n blink toekoms vir Arries vorentoe. "Jeremy se vermoëns het baie mooi ontwikkel. Ek glo hy het die vermoë om 'n goeie wynmaker te wees en daarom sal hy op een of ander stadium sy vlerke sprei. Hy het al baie praktiese kennis opgedoen en die volgende stap is om 'n formele kwalifikasie te kry."

Gevra waar sy liefde vir wynproe vandaan kom, vertel Arries dat hy van 1998 tot einde 2003 voordat Beeslaar oorgeneem het, saam met Truter in die kelder gewerk en ontsettend baie by hom geleer het.

"By Beyers het ek geleer hoe 'n wynmaker met druiwe wyn moet omgaan. Ek het ook dikwels geluister as hy en die ander manne wyn proe, dan ek het dieselfde as hulle probeer proe. Ekself het eers net Kanonkop se wyne geproe en ek onthou nog hoe ek gesukkel het toe ek vir die eerste keer wyne van ander streke geproe het."

Om die kompetsie te kon wen is vir Arries een van die hoogtepunte van sy loopbaan. 'n Ander hoogtepunt was toe hy in 2003 die Patrick Grubb beurs gewen het en vir byna twee maande in Portugal gaan werk het.

Sy raad aan nuwelinge: "Jy leer net deur te proe en nog meer te proe en fyn te luister wat die groot manne sê. Ek onthou nog hoe dikwels ek met my eie glas bygestaan het as Beyers en Francois Naudé wyn geproe het."

Arries het nie net 'n wisseltrofee en R10 000 kontant gewen nie, maar is ook as deel van sy prys ingeskryf om die Universiteit van Stellenbosch se sertifikaatkursus in wynbeoordeling te doen.

– Karin Theron